

## NG Kerk werkwinkel Missionale Kerkorde

In 2013 het die Algemene Sinode 'n raamwerk vir die missionale kerkwees goedgekeur, maar ten spyte van al die wonderlike aksies wat daaruit voortgevloei het, is die Kerkorde nog nie aangepas om al die eienskappe van 'n missionale kerk en die eietydse eise te bevat nie. Die Wes-Kaapse Moderamen het besluit om vir die volgende Algemene Sinode 'n nuwe Kerkorde vir die NG Kerk voor te stel wat behalwe die Woord en Belydenis, die kenmerke van 'n Missionale Kerkorde sal dra.

Na verskillende werkwinkels is besluit dat ons dit nie alleen kan doen nie. Ons wil graag die breër NG Kerk hierin betrek om saam te dink. Ons dink in elk geval nie ons kan dit sonder die goeie wysheid en insette van ander sinodes op die tafel plaas nie. Daar is net te veel teologie en wysheid in ander sinodes. Daar is gevolglik besluit om 'n werkwinkel in Pretoria te hou, omdat dit nader vir die meeste mense is. Die uitnodiging het aan veral drie taakspanne van die Algemene Sinode gegaan waarop al die ander sinodes ook teenwoordig is, naamlik die ATR (Taakspan Regte), Taakspan Kerkverband en Taakspan Missionale Transformasie. Al die moderature van die verskillende sinodes en enigiemand wat dit wou bywoon, is ook uitgenooi. Omtrent 33 persone van al die genoemde taakspanne en onderskeie sinodes het op 13 en 14 November in Pretoria saamgekom om onder leiding van van 'n taakspan van die Wes-Kaap (onder voorsitterskap van Quintus Heine), saam te dink oor 'n nuwe Kerkorde vir die NG Kerk in 'n nuwe tyd.

Nadat verskeie sprekers (Quintus Heine, Frederick Marais, Nelus Niemandt, Johan van der Merwe en Gert Duursema), as inleiers opgetree het, is goeie gesprekke gehou. Daar is hierna 'n paar konsensus sake geïdentifiseer en saamgewerk aan 'n konsep raamwerk vir so 'n nuwe Kerkorde. Die werkwinkel groep het 'n paar konsensuspunte bereik soos onder andere die volgende:

- Ons is in 'n nuwe era wat nuwe eise stel aan die Kerkorde. Ons leef in 'n nuwe tyd met nuwe uitdagings.
- Die heerskappy van Christus in sy kerk en in die wêreld deur sy Woord en Gees, is die sentrale uitgangspunt.
- Die missionale perspektief hierop is dat die Drie-enige God die Kerk inskakel by sy koms (*Missio Dei*) na die wêreld (koninkryksteologie).
- Christus self roep, versamel, vorm en stuur sy Kerk. Die Kerk van Christus is nie 'n gewone, vrywillige organisasie nie.
- Ons wil trou bly aan ons Bybelse en Gereformeerde wortels. Die Kerkorde moet duidelik verwoord dat die kerk 'n eiesoortige gemeenskap is (*sui generis*).
- Ons erken die groot waarde van die Kerkorde van Dordt. Dit is 'n belangrike dokument wat, indien gelees word binne die konteks van sy tyd, vir ons noodsaaklike leidrade gee vir 'n kerkorde vir ons eie tyd.
- Die volgorde van artikels is baie belangrik.
- Ons wil versigtig wees vir oorregulering deur ordereëlings.
- Ons roeping en belydenis bepaal ons waardes en uit die waardes onderskei ons nodige ordereëlings (*Didaché* is 'n voorbeeld).
- Ordereëlings moet rigting gee, maar die Kerkorde moet ook beweegruimte toelaat vir 'n kerk in 'n tyd van missionale aanpassing.
- Gebruik inklusiewe taal.
- Ons het vroue en jong stemme in dié gesprek nodig.

'n Voorlopige raamwerk is bespreek en uitstekende kommentaar is hieroor versamel. Die kommentaar van die werkwinkel sal verwerk word en 'n volgende konsep raamwerkdokument sal vir al die persone wat die werkwinkel bygewoon het, gestuur word. Hulle kan dit aan hulle sinodale taakspanne en enige ander groepe vir kommentaar en konsultasie voorlê. Hulle kan dan terugvoering hieroor aan die taakspan stuur.

Ons is opgewonde oor die kwaliteit deelname wat daar was en die insette wat gelewer is. Daar was insette oor 'n wye spektrum van standpunte, wat baie goed was. Ons kon na mekaar se standpunte luister en begrip kry daarvoor. Ons is dankbaar vir die proses wat aan die gang gesit is.

**Quintus Heine**

**Aktuarius: NG Wes-Kaapland Sinode**